

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2020/01/27		DATUM 2020/01/24		+ - WEEK GELEDE 2020/01/20		+ - MAAND GELEDE 2019/12/30		+ - JAAR GELEDE 2019/01/28	
	Data		Data		Data		Data		Data	
	Δ	Δ%	Δ	Δ%	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data
Brent (\$/b)	59.32	-1.58 ↓	-2.6%	60.90	-9.7%	65.67	-11.0%	66.62	-1.6%	60.26
US\$: ? ZAR	14.47	0.010 ↑	0.1%	14.46	0.1%	14.45	2.6%	14.11	5.9%	13.67
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 205.70	-35 ↓	-1.6%	R 2 240.61	*CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Mar + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 3 048.66	-35 ↓	-1.1%	R 3 083.75	*CBOT Mar cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Mar + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 795.77	-36 ↓	-0.7%	R 4 831.77	* CBOT Mar cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Mar + -12 : 00 the previous day					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige handelingsdag)										
Mielies Mar '20	387.20	-6.40 ↓	-1.6%	393.60	-1%	389.20	-1%	390.00	-6%	411.40
Koring Mar '20	573.40	-7.00 ↓	-1.2%	580.40	1%	570.40	3%	556.20	2%	563.20
Sojabone Mar '20	902.00	-7.40 ↓	-0.8%	909.40	-3%	929.00	-4%	941.40	-8%	976.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige handelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))										
SORGHUM Spot	3215.00	0 ↑	0.0%	3215.00	-7.3%	3469.00	-7.3%	3469.00	-15.8%	3820.00
WMAZ Spot	3163.00	-4 ↓	-0.1%	3167.00	7.1%	2952.00	16.8%	2708.00	4.1%	3038.00
WMAZ Mar '20	3032.00	-36 ↓	-1.2%	3068.00	4.0%	2915.00	12.5%	2694.00	-0.8%	3057.00
YMAZ Spot	2932.00	-38 ↓	-1.3%	2970.00	3.6%	2830.00	10.2%	2660.00	7.8%	2719.00
YMAZ Mar '20	2930.00	-25 ↓	-0.8%	2955.00	4.0%	2817.00	10.8%	2644.00	7.0%	2738.00
SOY Spot	5917.00	-18 ↓	-0.3%	5935.00	-2.4%	6064.00	-4.7%	6210.00	20.9%	4895.00
SOY Mar '20	5815.00	-80 ↓	-1.4%	5895.00	-3.5%	6024.00	-6.6%	6226.00	18.8%	4895.00
SUN Spot	5854.00	26 ↑	0.4%	5828.00	3.1%	5677.00	-1.7%	5957.00	6.4%	5500.00
SUN Mar '20	5847.00	-9 ↓	-0.2%	5856.00	2.7%	5696.00	-2.1%	5970.00	6.9%	5470.00
WHEAT Spot	4732.00	92 ↑	2.0%	4640.00	3.9%	4555.00	9.3%	4330.00	6.3%	4450.00
WHEAT Mar '20	4652.00	19 ↑	0.4%	4633.00	2.0%	4560.00	6.2%	4381.00	3.9%	4478.00
OLIESADE (US\$/ton)	2020/01/24	Bron: Oilworld			2020/01/17	2019/03/22	2018/04/30			
Soya-oil, Arg.	790	-1.9%	805	15%	685	17%	676			
Soya-pell, Arg.	340	0.0%	340	4%	326	-8%	368			
Soybean, USA	386	-1.0%	390	2%	379	-6%	410			
USA Runner 40/50	1500	0.0%	1500	15%	1300	15%	1300			
Sun-oil, Arg.	815	1.9%	800	23%	665	2%	800			
Sun-oil, Black Sea	775	-3.1%	800	15%	675	3%	750			
Sunseed,Black Sea	415	0.0%	415	12%	370	1%	409			
Rapeseed, EU cif	462	0.7%	459	11%	417	16%	399			
Palm oil Mal, EU	950	-2.1%	970	32%	720	-8%	1037			

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: Die wêreld sojaboon vraag en aanbod was in die 2019/20 seisoen gekenmerk deur die skerp afname in die wêreld produksie. Die totale wêreld produksie was ongeveer 21 miljoen ton laer gedurende die 2019/20 seisoen in vergelyking met die 2018/19 seisoen. Alhoewel daar 'n skerp afname in die produksie was gedurende die 2019/20 seisoen het dit nie 'n noemenswaardige impak op die internasionale pryse gehad nie aangesien die wêreld voorraad aan die einde van die 2018/19 seisoen op rekord hoë vlakke was. Dit het gedien as 'n buffer vir die laer wêreld produksie en dus het die internasionale sojaboonpryse redelik sywaarts beweeg. Die verwagting is dat die internasionale pryse vir die res van die seisoen min of meer dieselfde sywaarts tendens behoort te volg in die internasionale konteks mits die Suid-Amerikaanse produksieomstandighede gunstig bly. Daar is steeds genoeg sojabone in die wêreld beskikbaar en die verwagte eindvoorraad vir die seisoen is ongeveer 27% van die jaarlikse verbruik. In Argentinië het 'n groot gedeelte van die land goeie reën ontvang wat gunstig is vir die produksietoestand. Daar is wel nog gedeeltes van die land waar dit nog droog is en die totale produksie skatting vir die seisoen is afwaarts aangepas vanaf die vorige skatting wat 'n maand gelede gedoen was. Die totale produksie vir die seisoen in Argentinië word nou op 52.5 miljoen ton geskat. Die verwagting is dat die wêreld sojaboon invoere hierdie seisoen weer sal herstel vanaf die vorige seisoen se invoere met 'n groot gedeelte van die toename in die invoere wat in China sal plaasvind. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week onder druk gekom en het laer gesluit vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die plaaslike voorraadvlakke is laag en daar is gerugte in die mark dat daar sojaboon invoere op pad is Suid-Afrika toe.

Sonneblomsaad: Die groot hoeveelhede sonneblomsaad wat in die eerste paar maande van die bemarkingsseisoen verwerk is sal bes moontlik verdere groei in die verwerking beperk tot 3% - 4% in die volgende paar maande. Dit is laer as die 9 - 10% groei wat gedurende die eerste paar maande van die bemarkingsseisoen gerealiseer het. Die totale jaar tot datum toename in die wêreld sonneblomsaad verwerking is 8% teenoor die vorige jaar se verwerking. Die wêreld sonneblomsaad produksie het hierdie seisoen nuwe rekord vlakke bereik en die voorraad in veral Rusland en Argentinië was aansienlik hoër as die vorige seisoen se voorrade. Die pryskomperendheid van sonneblom olie het vergroot en sonneblom olie is in die internasionale konteks tans die goedkoopste groente olie. Dit behoort die wêreld vraag na sonneblom olie te ondersteun aangesien daar tekorte in ander olies, soos palm olie is. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week gemeng verhandel met die ou seisoen kontrakte wat ondersteuning gevind het vir die week terwyl die nuwe seisoen kontrakte onder druk gekom het en laer gesluit het vir die week.

Kanola: Die verwagting is dat die wêreld verwerking van kanola hierdie seisoen laer as die potensiaal gaan wees as gevolg van die laer verwerking van kanola in China en die EU. Teen die huidige tempo waarteen die verwerking plaasvind is die verwagting dat die seisoen se totale verwerking selfs laer as verlede seisoen se verwerking sal wees, wat reeds aansienlik laer as die gemiddelde verwerking per seisoen was. Die skerp vraag na groente olies in die internasionale konteks kan wel die verwerking van kanola in Kanada ondersteun. Kanada het steeds groot kanola voorraad beskikbaar en die verwagting is dat die verwerking van kanola in Kanada goeie vlakke kan bereik. **Plaaslik:** Die plaaslike kanola produksie vir die seisoen is 96 200 ton.

Grondbone: Die Amerikaanse grondboon produksie vir die seisoen word op 1.87 miljoen ton geskat wat byna onveranderd is vanaf die vorige seisoen se produksie. Die VSA het die vorige 2 seisoene met groot grondboon voorrade gesit wat die mark redelik onder druk gehou het, maar die onlangse toename in die verwerking en uitvoere van grondbone is besig om die groot voorraad in die VSA weg te werk. Die totale wêreld produksie van grondbone is ongeveer 1.1 miljoen ton hoër hierdie seisoen as die vorige seisoen met die grootste herstel in produksie wat in Indië gerapporteer is. Die grootste faktor wat tans in die internasionale grondboonmark dopgehou word is China se invoere van grondbone en grondboon produkte wat drasties toegeneem het die afgelope tyd. **Plaaslik:** In die plaaslike mark word die NOK se voorlopige oppervlakte aangeplante verslag vir die seisoen die 29ste Januarie bekend gemaak. Dit sal meer duidelikheid in die mark bring rakende hoeveel grondbone aangeplante is vir die seisoen.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za